# Erekleure: Toekennings vir Akademie

## VOLKLEURE

**1. Vereistes**

1.1 Vir die eerste toekenning vir volkleure moet ’n leerder ’n bepaalde minimum prestasie in ses agtereenvolgende gespesifiseerde evalueringsgeleenthede handhaaf vanaf die begin van Graad 8. *In die geval van ’n leerder wat later sy/haar hoërskoolloopbaan by Hoërskool Stellenbosch aansluit, moet hy/sy in minstens die laaste drie evalueringsgeleenthede by Hoërskool Stellenbosch die minimumprestasie behaal, en die ander drie aan sy/haar vorige skool/skole*.

1.2 Vir ’n tweede of derde toekenning moet ’n leerder die bepaalde minimumprestasie in drie agtereenvolgende kwartaalikse evalueringsgeleenthede handhaaf.

1.3 Evalueringsgeleenthede:
Maart rapportpunt (25%)
+ September rapportpunt (25%) EEN evaluerings “geleentheid”
+ Junie-rapportpunt (50%)
November-rapportpunt EEN evaluerings “geleentheid”

1.4 Dit impliseer dat volkleure vir die eerste keer aan die begin van ’n leerder se Graad 11-jaar toegeken kan word.

1.5 In die geval van ’n leerder wat tydens ’n evalueringsgeleentheid *oorsee was, of watweens siekte of ander menslikheidsredes ’n eksamen misgeloop het*, word sodanige eksamen(s) bloot oorgeslaan in die bepaling van akademiese kleure, en word alle eksamens direk voor en na die afwesige evalueringsgeleentheid vir akademiese erekleure in berekening gebring.

1.6 Waar ’n leerder wat dalk vir akademiese erekleure in aanmerking sou kom, dit wil sê ’n leerder wat normaalweg die minimum prestasie handhaaf, weens siekte in enige evalueringsgeleentheid in een vak nie eksamen aflê nie, moet die vakonderwyser tydens die betrokke eksamen ’n aangepaste punt verskaf wat tot die leerder se puntetotaal sal bydra asof hy/sy wel in die betrokke vak eksamen afgelê het. Dit is NOODSAAKLIK dat leerders ’n doktersertifikaat sal indien wanneer enige toets of eksamen weens siekte gemis word.

1.7 In buitengewone omstandighede, by siekte of dood van ’n naby familielid, wanneer daar ’n onvermydelike, grondige rede vir ’n laer punt is, kan ’n leerder se prestasie in een van die ses evalueringsgeleenthede <u>tot 70% daal,</u> en kan hy/sy nog steeds in aanmerking kom vir akademiese erekleure. Elke geval sal op meriete behandel word.

1.8 **Die finale vereiste vir die verwerwing van akademiese erekleure is dat die leerder se gedrag en gesindheid teenoor die skool goed moet wees.**

1.9 Leerders wat halfkleure verwerf (aan die begin van Graad 11) en in die daaropvolgende twee evalueringsgeleenthede, dit wil sê (Maart, Junie en September) asook November-eksamen 75% behaal, verwerf volkleure aan die begin van Graad 12.

# VOLKLEURE

**1. Vereistes**

Volkleure kan vir die eerste keer aan die begin van Graad 11 toegeken word met die volgende minimum kriteria vir elke kwartaal:

- **Minimum prestasie**

Graad 8 -9 80%
Graad 10 – 12 75%

- **Vorm van Volkleure** (verkrygbaar by De Jagers)
  - o Erekleure das
  - o Baadjiesak met lourierkrans
  - o Erekleure balkie

# HALFKLEURE

**1. Vereistes**

Halfkleure kan vir die eerste keer aan die begin van Graad 11 toegeken word met die volgende minimum kriteria vir elke kwartaal:

- **Minimum prestasie**

Graad 8 – 9 75%
Graad 10 – 12 70%

- **Vorm van halfkleure** (verkrygbaar by De Jagers)
  - o Erekleure das

## MINIMUM VEREISTES (Samevatting)

| | **Graad 8 – 9** | **Graad 10 – 12** |
|---|---|---|
| **Halfkleure** | 75% | 70% |
| **Volkleure** | 80% | 75% |

# Erekleure : Toekennings vir Kultuur

## MUSIEK

### VOLKLEURE

Een of meer van die volgende prestasies:

1. Aan ’n leerder wat deurdring na die semi-finaal (12 kandidate of minder) of finaal van ’n nasionale musiekkompetisie (klassiek, jazz of ligte musiek).
2. ‘n Leerder wat in twee agtereenvolgende eksterne musiek- of musiekteorie-eksamens (Graad 5 of hoër) met lof slaag.
3. ’n Leerder wat die UNISA Ererol of 90% vir ’n ABRSM/Trinity-eksamen haal vir Graad 5 of hoër (teorie/prakties).
4. ’n Leerder wat as die wenner van ’n senior skolierafdeling in sy instrument aangewys word by enige kunswedstryd/*eisteddfod*.
5. ’n Leerder wat in die Nasionale Jeugorkes (klassiek/jazz) opgeneem word.
6. ’n Leerder wat gekies word om as solis saam met ’n simfonie-orkes op te tree.

### HALFKLEURE

Een of meer van die volgende prestasies:

1. ’n Leerder wat in twee agtereenvolgende eksterne eksamens (graad 4 of hoër) met lof slaag.
2. ’n Leerder wat die UNISA-ererol of 90% vir ’n ABRSM/Trinity-eksamen haal vir graad 4 of hoër (teorie/prakties).
3. ’n Leerder wat ‘n eerste, tweede of derde plek behaal in enige plaaslike musiekkompetisie (klassiek, jazz of kontemporêr)
4. ’n Leerder wat drie of meer *Cum Laude*-toekennings by enige kunswedstryd/*eisteddfod* verwerf.

## ORKES

### VOLKLEURE

Volkleure word eenmalig toegeken aan:

1. enige orkeslid wat vir **vyf** agtereenvolgende jare getroue diens aan die skoolorkes gelewer het en deurentyd besondere lojaliteit en toewyding getoon het. Daar word van die leerder verwag om sy/haar instrumentale onderrig voort te sit om sodoende groter vaardigheid op sy/haar instrument te bereik.
2. ‘n besonder verdienstelike orkeslid wat na **vier** jaar in die orkes reeds deur die orkesbestuur as ‘n **ankerspeler** geïdentifiseer word. Hierdie toekenning word gemaak met dien verstande dat die betrokke leerder onderneem om gedurende sy/haar matriekjaar steeds ’n aktiewe lid van die orkes te wees; of, ’n orkeslid wat na vier jaar as **ankerspeler** geïdentifiseer word, maar eers op ’n later stadium (ná graad 8) die tegniese ontwikkeling getoon het om orkesdeelname moontlik te maak.

### HALFKLEURE

Halfkleure word toegeken aan:

1. enige orkeslid wat vir **drie** agtereenvolgende jare getroue diens aan die skoolorkes gelewer het en deurentyd besondere lojaliteit en toewyding getoon het. Daar word van die leerder

verwag om sy/haar instrumentale onderrig voort te sit om sodoende groter vaardigheid op sy/haar instrument te bereik. Rekords van gereelde bywoning sal ook as kriteria dien.

## KOOR / BRANDSLANG

### VOLKLEURE

Volkleure word eenmalig toegeken aan:

1. enige koorlid wat vir **vyf** agtereenvolgende jare getroue diens aan die skoolkoor gelewer het en deurentyd besondere lojaliteit en toewyding getoon het. Koorrekords van gereelde bywoning en stemontwikkeling sal ook as kriteria dien; leerders wat gedurende hul skoolloopbaan van skool verwissel en kan bewys dat hulle deel was van ‘n koor by hul vorige skool kan wel in aanmerking kom vir erekleure.
2. ’n besonder verdienstelike koorlid wat reeds na **vier** jaar in die koor deur die koorbestuur as ’n **ankerkoorlid** geïdentifiseer is, met dien verstande dat die betrokke leerder onderneem om in sy/haar matriekjaar steeds ’n aktiewe lid van die koor te wees; of, ’n koorlid wat na vier jaar deur die koorbestuur as ‘n **ankerkoorlid** geïdentifiseer is, maar wat eers op ’n later stadium die nodige stemontwikkeling getoon het om koordeelname moontlik te maak.
3. enige leerder wat vir **twee** agtereenvolgende jare getroue diens aan **BRANDSLANG** gelewer het en deurentyd besondere lojaliteit en toewyding getoon het. ‘n Minimum van **vyf** optredes/jaar sal as vereiste dien. Rekords van gereelde bywoning en gereelde deelname aan konserte sal ook as kriteria dien.

### HALFKLEURE

Halfkleure word toegeken aan:

enige koorlid wat vir **drie** agtereenvolgende jare getroue diens aan die skoolkoor gelewer het en deurentyd besondere lojaliteit en toewyding getoon het. Koorrekords van gereelde bywoning en stemontwikkeling sal ook as kriteria dien.

## TONEEL

### VOLKLEURE

Volkleure word toegeken aan:

1. enige leerder wat as lid van die skool se toneelgeselskap vir vier agtereenvolgende jare deelgeneem het aan enige nasionale skoletoneelfees.
2. enige leerder wat as lid van die skool se toneelgeselskap twee trofees of vier goue toekennings vir individuele spel inpalm, hetsy in een jaar of in twee agtereenvolgende jare.
3. die hele rolverdeling van ‘n produksie wat deurdring na die finale rondte van die nasionale ATKV-toneelkompetisie.
4. enige leerder wat deurdring na die finale ronde van ATKV digiToneel / DramaWeb
5. enige leerder wat aangewys word as die wenner van ’n senior skolierafdeling by ’n kunswedstryd

### HALFKLEURE

Halfkleure word toegeken aan:

1. enige leerder wat vir drie agtereenvolgende jare as lid van die skool se toneelgeselskap deelgeneem het aan enige nasionale skoletoneelfees
2. enige leerder wat bekroon word as beste speler, ongeag die kategorie, by enige skoletoneelfees
3. enige leerder wat deurdring na die semi-finale rondte van ATKV digiToneel / DramaWeb

## SKOOLTYDSKRIF

### VOLKLEURE

Volkleure word toegeken aan:

1. die volle hoofredaksie van ’n redaksietermyn waarin die *Stelloskoop* ’n eerste, tweede of derde plek behaal het in ’n landwye kompetisie (algeheel of in ‘n spesifieke kategorie).
2. enige individuele verslaggewer of kunstenaar of fotograaf wat in ’n spesifieke kategorie ‘n eerste, tweede of derde plek behaal in ‘n nasionale kompetisie.
3. die redakteur wat vir die volle redaksietermyn (ten minste vier uitgawes) met toewyding en lojaliteit getroue diens gelewer het en voldoende leiereienskappe getoon het.
4. enige redaksielid wat vier agtereenvolgende jare getroue diens as redaksielid gelewer het en deurentyd besondere toewyding en lojaliteit getoon het, mits die leerder ’n volledige motivering gee en in sy/haar matriekjaar ook betrokke is by die skooltydskrif. So ’n leerder moet ten minste 16 artikels (een vir elke uitgawe) of 32 foto’s (twee in elke uitgawe) gedurende sy/haar termyn publiseer.
5. enige leerder wat as die fotoredakteur vir twee of meer jare getroue diens gelewer het.
6. enige leerder wat as die uitlegredakteur vir twee of meer jare persoonlik verantwoordelik was vir die uitleg en ontwerp van die skoolkoerant.

### HALFKLEURE

Halfkleure word toegeken aan:

enige redaksielid wat vir twee jaar agtereenvolgend op die redaksie dien én in sy/haar onderskeie rol die volgende in die *Stelloskoop* gepubliseer het:

- verslaggewer: agt artikels waarvan een in elke uitgawe oor die twee jaar gepubliseer word.
- fotograaf: 16 foto’s waarvan twee in elke uitgawe oor die twee jaar gepubliseer word.
- kunstenaar: agt illustrasies waarvan een in elke uitgawe oor die twee jaar gepubliseer word.
- bemarking: agt advertensies waarvan een in elke uitgawe oor die twee jaar gepubliseer word.

Hierdie toekennings sal op grond van die diskresie van die onderwyser(s) in beheer van die skooltydskrif gemaak word.

## KUNS

### VOLKLEURE

Een of meer van die volgende prestasies:

- ’n Leerder wat deurdring na die semi-finaal of finaal van ’n nasionale kunskompetisie.
- ’n Leerder wat by ’n kunswedstryd as wenner aangewys word van sy/haar afdeling.
- ’n Leerder wat ’n solo-uitstalling van sy eie werke in ’n privaat-gallery hou

### HALFKLEURE

Een of meer van die volgende prestasies:

- ’n Leerder wat ’n *Cum Laude*- toekenning verwerf by ’n kunswedstryd.
- Enige leerder wie se kunswerk gekeur en uitgestal word by ’n onafhanklike gallery/instansie.

## OLIMPIADES EN TAALBOND

**VOLKLEURE**

Onder die eerste 10 in die land.

**HALFKLEURE**

Onder die eerste 20 in die land.

### Nasionale Wiskunde Olimpiades

**VOLKLEURE**

Onder die eerste 10 in die land.

**HALFKLEURE**

Onder die eerste 20 in die land.
Onder die eerste 3 in die provinsie.

### Erkende Wiskunde-kompetisies (bv. Wiskunde-kompetisie van die UK)

**VOLKLEURE**

Goue toekenning (onder die eerste 10)

**HALFKLEURE**

Silwer toekenning (onder die eerste 20)

## EXPO’s

**VOLKLEURE**

Goud (Streekkompetisie)
Nasionale deelname

**HALFKLEURE**

Silwer (Streekkompetisie)

## GASVRYHEID

**VOLKLEURE**

Onder die Top 3 van enige goedgekeurde Nasionale Kookkompetisie

**HALFKLEURE**

Onder die Top 10 van enige goedgekeurde Nasionale Kookkompetisie

## REDENAARS EN DEBAT

## VOLKLEURE

Volkleure word toegeken aan:

1. Enige leerder wat deelneem aan die finale rondte van enige landwye kompetisie.
2. Enige leerder wat as wenner van die streekskompetisie aangewys word.

## HALFKLEURE

Halfkleure word toegeken aan:

Enige leerder wat deelneem aan die semi-finale rondte van enige landwye kompetisie (redenaars).

Enige leerder wat deelneem aan ‘n finale rondte van ‘n streekskompetisie (debat).

## TOASTMASTERS

## VOLKLEURE

Leerder wat eindig onder die top drie in die streekskompetisie.

## HALFKLEURE

Wenner van HSS se gala-aand.

## EKSTERNE KULTUURAKTIWITEITE:

Eksterne kultuuraktiwiteite sluit in: enige dansstyl, Voortrekkers, deelname aan eksterne kore / orkeste ens. wat nie deel van HSS uitmaak nie.

**Skriftelike bewyse van só ’n leerder se prestasie/s moet saam met die leerder se aansoek deur die afrigter / bestuurder van die buite-kultuuraktiwiteit ingedien word.**

**Indien ‘n leerder ‘n prestasie in ‘n aktiwiteit, wat by die skool aangebied word, by ‘n ander instansie behaal, sal erkenning deur middel van ‘n sertifikaat gegee word.**

Die toeken van erekleure of halfkleure sal dan na die diskresie van die bestuurspan van HSS geskied.

## VOORTREKKERS

## VOLKLEURE

Presidentsverkenner / Hoofleierswag (HW/PV)

## HALFKLEURE

Jeugleier (slegs vanaf Graad 11)

## DANS

**BALLET:**

## VOLKLEURE

1. Advanced 1 met 85% slaag of Advanced 2 met 65% slaag in ’n internasionale, eksterne balleteksamen.
2. Aan ’n leerder wat 4 of meer Goue Diplomas in die ouderdomsgroep 15 jaar en ouer by ’n eisteddfod behaal het.
3. Aan ‘n kategoriewenner in ’n eisteddfod vanaf die ouderdom 15 jaar en ouer.
4. Aan enige leerder wat as ’n jeuglid in die Kaapse Balletgeselskap opgeneem word.

## HALFKLEURE

1. *Intermediate of Advanced Foundation* met 75% slaag of Graad 7 of 8 met 85% slaag in ’n internasionale, eksterne balleteksamen.
2. Aan ’n leerder wat 3 of meer Goue Diplomas in die ouderdomsgroep 13 jaar en ouer by ’n eisteddfod behaal, of ’n kategoriewenner is.

## <u>MODERNE DANS / HIP HOP</u>:

## VOLKLEURE

1. ’n Leerder wat verkies is tot en deelneem in ’n SA span.
2. ’n Leerder wat EEN of meer kategorieë van ’n eisteddfod wen in die ouderdomsgroep 15 jaar en ouer ASOOK met hoogste lof (90% of meer) die AIDT (Association of International Dance Teachers) vanaf *Preliminary* of SADT (South African Dance Teachers) van “*Level Four*” eksamen slaag met hoogste lof (90% of meer).
3. ‘n Leerder (junior of senior) wat as finalis in ’n internasionale kompetisie aangewys word (solo, duet of groep).
4. ’n Leerder (junior of senior) wat ’n 1ste, 2de of 3de plek behaal in ’n internasionale kompetisie (solo, duet of groep).
5. ’n Senior leerder wat die *Preliminary, Elementry, Intermediate* of *Advanced*-danseksamens met lof slaag (90%) en “Level Four” opwaarts slaag.

## HALFKLEURE

1. ’n Leerder wat verkies is tot en deelneem in ’n provinsiale span wat aan ’n interprovinsiale byeenkoms deelneem.

2. ’n Leerder (junior of senior) wat as die wenner van ’n provinsiale of nasionale kompetisie aangewys word.

3. ’n Leerder wat TWEE of meer solo kategorieë van ’n eisteddfod se top drie haal in die ouderdomsgroep 15 en ouer.

‘n Leerder wat enige van die eksterne danseksamens- AIDT (Association of International Dance Teachers) of SADT (South African Dance Teachers) met lof slaag (85%-89%.) vir *Preliminary, Elementry, Intermediate of Advanced-danseksamens en “Level Four” opwaarts vir* HipHop

## <u>IERSE DANSE</u>:

## VOLKLEURE:

1. ’n Leerder wat die graad 6 of 7 danseksamen met 90% of graad 8 tot 12 met 80% slaag

2. ’n Leerder wat in die top ses geplaas word in die *Pre-championship (PC)* by die SA Ierse Danskampioenskap.

3. ’n Leerder wat kwalifiseer om deel te neem aan die World Irish Dance Championships.

## HALFKLEURE

1. ’n Leerder wat die graad 3 tot 5 danseksamen met 85% en die graad 6 tot 12 met 70% slaag (eksterne eksaminator).

2. ’n Leerder wat in die top-ses geplaas word in die *Championship Section (CC)* in ’n plaaslike kompetisie (Kaapstad).

**South African Championship of Performing Arts word nie in geneem vir erekleure nie.*

# Erekleure : Toekennings vir Sport

Erekleure word toegeken vir sportsoorte wat as skoolsport aangebied word en vir buiteskoolse sport wat deur die skool goedgekeur word.

Dit is die beleid van die skool dat volkleure eers aan die einde van Graad 10 toegeken word, behalwe in gevalle van hoogs-uitsonderlike prestasies van juniors.

Die afrigter sal by elke sportsoort self die aanbevelings maak en aan die kleurekomitee voorlê.

Die kleurekomitee (leierspan) ken erekleure toe en sal elke geval afsonderlik op meriete evalueer.

## BUITESPORTSOORTE

**TOEKENNINGSKRITERIA**

***Volkleure:*** ŉ Senior leerder in Graad 8 tot 12 wat verkies is tot en deelneem in ŉ provinsiale span wat aan ŉ interprovinsiale byeenkoms deelneem in sportsoorte wat deur die skool goedgekeur word.

***Halfkleure:*** ŉ Leerder in Graad 8 tot 12 watverkies word tot 'n provinsiale span of 'n uitsonderlike prestasie lewer in sportsoorte wat deur die skool goedgekeur word.

Skriftelike bewyse van só 'n leerder se prestasie moet deur die afrigter/bestuurder van 'n buitesport ingedien word. Die toeken van erekleure of halferekleure sal dan na die diskresie van die bestuurspan van HSS geskied.

**FINALE KRITERIA**

***Leerder moet aan minstens een buitemuurse aktiwiteit van die skool deelneem. (Uitsonderlike gevalle sal op meriete evalueer word)***

## ATLETIEK

### VOLKLEURE

1. Boland Juniorspan en deelname aan ASA Junior Kampioenskappe.
2. Lid van Wes-Kaap-atletiekspan (junior) en deelname by SA Junior Kampioenskappe.

### HALFKLEURE

Onder eerste drie op Junior Boland Kampioenskappe.

## TENNIS

### VOLKLEURE

1. SA Junior-interprovinsiaal en deelname by SA toernooi.
2. Boland Hoërskole onder 19-span wat deelneem aan die interprovinsiale toernooi.
3. Onder eerste tien op SA Junior Ranglys vir 'n ouderdomsgroep of eerste 20 op SA Senior Ranglys of op Junior/Senior Wêreldranglys.

### HALFKLEURE

1. Verteenwoordig Boland by interprovinsiale toernooi in o. 16 of o. 14 of teen ander provinsies in alle ouderdomsgroepe.
2. 80% deelgeneem aan eerstespanwedstryde oor twee seisoene.
3. Deelname aan twee uitnodigingstoernooie.

4. Deelname aan ‘n uitnodigingstoernooi in A-afdeling, waarheen sterkste skole in land genooi word, en onder die boonste 4 eindig.

## KRIEKET

### VOLKLEURE

Boland-skolespan: o. 15A, o. 17A of B, o. 18A, B of platteland.

### HALFKLEURE

1. Vordering tot finale proewe vir Boland o. 18
2. o. 15B Bolandspan , o. 14, o. 16 en alle ander verteenwoordigers van Boland spanne
3. 80% deelgeneem aan eerstespanwedstryde oor twee seisoene

’n Seisoen strek oor die vierde kwartaal van ’n jaar en die eerste kwartaal van die volgende jaar.

## GHOLF

### VOLKLEURE

Boland o. 19

### HALFKLEURE

1. Boland o. 15
2. 80% deelgeneem aan eerstespanwedstryde oor twee seisoene met gemiddelde telling van vyf oor syfer per wedstryd (bruto telling).

## LANDLOOP

### VOLKLEURE

1. Bolandspan (wat deelneem aan SA Kampioenskappe).

### HALFKLEURE

1. Boland Kampioen
2. Boland o. 14 of o. 15

## HOKKIE

### VOLKLEURE

Boland o. 18A, B, o. 16A, B, o. 14 A, B en provinsie verteenwoordig op interprovinsiale toernooi

### HALFKLEURE

1. Boland uitnodigingspan
2. Boland o. 18C, o. 16C of streekspan
3. 80% deelgeneem aan eerstespanwedstryde oor twee seisoene.
4. Finale proewe Boland o. 16, o. 18.

## NETBAL

### VOLKLEURE

Boland o. 19A, B, o. 17A, o. 16A, B, o. 15A en provinsie verteenwoordig by interprovinsiale toernooi.

### HALFKLEURE

1. Boland o. 19C.
2. 80% deelgeneem aan eerstespanwedstryde oor twee seisoene.
3. Wenners van Top Skole Toernooi (Wes-Kaap) – alle ouderdomsgroepe.

## RUGBY

### VOLKLEURE

1. o. 18 of o. 16 skolespan en provinsie verteenwoordig by interprovinsiale toernooi.
2. Deelname aan Cravenweek.

### HALFKLEURE

1. Vordering tot finale Boland-proewe.
2. 80% deelgeneem aan eerstespanwedstryde oor twee seisoene.

## SKAAK

### VOLKLEURE

1. Boland A, B en deelneem aan interprovinsiale toernooi.

### HALFKLEURE

80% deelgeneem aan eerstespanwedstryde oor twee seisoene en 60% individuele wedstryde gewen.

## MUURBAL

### VOLKLEURE

1. Leerder is verkies tot ’n SA A- of B-span.
2. Verteenwoordig Boland in ’n interprovinsiale toernooi.

### HALFKLEURE

80% deelgeneem aan eerstespanwedstryde oor twee seisoene en 80% bywoning van oefeninge.

## CHEERLEADERS

### VOLKLEURE

Volkleure word eenmalig toegeken aan:
1. enige leerder wat vir **vier** agtereenvolgende jare getroue diens gelewer het en deurentyd besondere lojaliteit en toewyding getoon het.
2. enige leerder wat SA-kleure behaal het.

### HALFKLEURE

Halfkleure word toegeken aan:
1. enige leerder wat vir **drie** agtereenvolgende jare getroue diens gelewer het en deurentyd besondere lojaliteit en toewyding getoon het.
2. enige leerder wat WP-kleure behaal het.

# Uitsonderlike toekennings

Half- of volkleure kan toegeken word aan persone wat ‘n buitengewone bydrae gelewer het ten opsigte van een of meer van die volgende:

- die uitbouing/groei van ‘n sportkode of kultuuraktiwiteit in die skool
- die suksesvolle bedryf van ‘n sportkode of kultuuraktiwiteit in die skool
- uitsonderlike prestasie anders as die reeds genoemde

Toekenning geskied in oorleg met die betrokke afrigter/koördineerder/organiseerder, die skoolhoof en die erekleure-keuringskomitee. Die kandidaat moet steeds die vereiste persentasiepunt behaal op die nominasievorms, en ‘n deeglike skriftelike motivering moet gegee word.

# Tugmaatreëls

Daar sal opgetree word teenoor leerders wat half-/erekleure verwerf het en in optrede of gedrag die erekode verbreek.

# Prysuitdeling: Kriteria

### GRAAD 8 EN 9

Vakpryse:

Sertifikaat vir leerder met die beste prestasie in elke vak.*
(Minimum kriteria: Alle vakke bo 80%)

Akademiese pryse:

Sertifikaat vir groottotaal bokant 80%
Kontantprys vir leerder met die hoogste groottotaal in graad.
(Maart + 2 x Junie + Septemberpunte)

### GRAAD 10 en 11

Vakpryse:

Diploma vir leerder met die beste prestasie in elke vak.*
(Minimum kriteria: Alle vakke 75%)

Akademiese pryse

Sertifikaat vir groottotaal bokant 75%
Kontantprys vir leerder met die hoogste groottotaal in graad.
(Maart + 2 x Junie + Septemberpunte)

## GRAAD 12

Vakpryse:

Sertifikaat + kontantprys vir leerder met die beste prestasie in elke vak:*
Kontantpryse geborg deur Cluver& Markötter
Minimum kriteria:  Alle vakke 75%

Akademiese pryse:

Sertifikaat vir groottotaal bokant 75%
Kontantprys vir leerder met die hoogste groottotaal
(Maart: Junie :  Septemberpunte  = 1 : 2 : 2)

*Vakprys vir Duits Tweede Addisionele Taal:  Moet vir die leerder ‘n vreemde taal wees.